# TYDIGE *wenke*

**JUNIE 2025**
STEENVRUGPRODUKSIE

## GROND EN VOEDING

1. Maak seker dat die grondvog reg is voor grondvoorbereiding om kluite te voorkom
2. Neem grond- en wortelmonsters en stuur dit na die laboratorium vir aalwurm-analise om die noodsaaklikheid vir ontsmetting voor aanplanting te bepaal. Moenie spekuleer nie.
3. Gereelde onderhoud van dreinering is noodsaaklik om te verseker dat dit effektief funksioneer.
4. Begin onderhoudskalk toedien met eerste goeie reëns.

## BESPROEIING

1. Diens bestaande moniteringstoestelle en installeer nuwes. Hoe langer ’n metingsensor het om in te burger voor gebruik , hoe beter.
2. Analiseer jou watergebruik aan die einde van die seisoen. Versamel jou data as toegediende water per blok of per kultivar fenologiese stadium. Vra bure om dieselfde te doen en hou werkswinkels om jou watergebruik op te weeg teen hulle watergebruik.

## SNOEI EN BOOMOPLEI

**Snoei video’s:**

- Perske-en nektarienbome: https://youtu.be/CXkqZ03pXZw
- Appelkoosbome: https://youtu.be/SniQ4e2XloU
- Pruimbome: https://youtu.be/Tx4SSAUqTMk

Die outeur skryf doelbewus nié oor die snoei van pruime nie, aangesien daar soveel pruimsnoei-resepte is as wat daar konsultante is– elke konsultant het dikwels hul eie snoeistyl.

Die basiese beginsels van alle snoei bly egter dieselfde. Snoei word basies om drie verskillende redes onderneem:

- Ligbestuur in die boom sodat alle spore en blare sover as moontlik aan direkte sonlig blootgestel word.
- Bestuur van oeslading: Die snoeiskêr is die beste gereedskap vir vruguitdun wat ons het, veral as mens vrugknoppe van die hoogste gehalte kan selekteer wanneer daar gesnoei word.
- Die ontwikkeling van nuwe drahout van goeie gehalte.

Gelukkig word die meeste pruime nou op ’n tweedimensionele prieel gegroei, met enigiets van 6-17 drade op die prieel. Gevolglik is ligbestuur baie makliker in die geval van pruime as ander sagtevrugte boomsoorte. Ek sien egter nog baie pruimboorde waarvan die toppe te swaar en te groeikragtig is, en dit skep ’n groot mate van oorskaduwing in die bome.

## 1. Boomoplei

Wanneer dit kom by boomoplei, het pruime basies twee soorte groeiwyses:

- Daardie pruimbome wat horisontaal opgelei wil wees – dié wat soos wilgerbome groei wat maklik aanleiding gee tot laterale lote en,
- Dié wat meer regop groei, waarvan die dratakke enigiets vanaf 45°-30° weg van die vertikaal af opgelei wil wees, en hierdie is gewoonlik ook die kultivars wat aan knopuitwissing (*bud extinction*) onderhewig is.

Dus is die eerste ding wat jy moet doen om uit te vind met watter groeiwyse jy werk en die kultivar dan volgens die korrekte opleistelsel op te lei.

- Laetitia, Songold, Ruby Star ens. sou ek horisontaal oplei.
- Sapphire, Gaviota, Larry Ann ens. sou ek 30° tot 45° weg van die horisontaal af oplei.

## 2. Snoei

### 2.1 Kultivars met horisontale groeiwyses

Daar is slegs twee soorte hout in ’n vrugteboom, naamlik drahout en strukturele hout. Ons verwys in baie gevalle na strukturele hout as die bene, en vir etlike pruimkultivars, maar veral die wat horisontaal groei, is hierdie bene permanent en die draers word op die strukturele ledemaat of tak (been) geposisioneer en word slegs van die strukturele tak verwyder wanneer hulle te lewenskragtig of te dik of onproduktief word.

- Wanneer die strukturele tak geïdentifiseer is, moet daar nie in hierdie tak teruggesny word nie; daar moet dus nie stimulerende snitte aan die strukturele tak gemaak word nie, aangesien dit groeikrag stimuleer, met gevolglike swak set en oorskaduwing. Die

gevolglike sterk vegetatiewe groei kompeteer in die lente om die beskikbare reserwes van die boom.

- Op die strukturele tak moet alle lote dikker as een derde van die dikte van die strukturele tak verwyder word, met ’n tappie van 2cm wat agtergelaat word.
- Moenie in die tweejarige en ouer gespoorde eenhede insny nie, behalwe as hulle baie dun is (dunner as vuurhoutjies), aangesien dit te veel vegetatiewe groei sal stimuleer.
- Laat so veel as moontlik breipen dikte eenjarige lote korter as 20cm in lengte (een snoeiskêr lengte) op die strukturele tak agter om spore vir die volgende jaar te vorm.
- Die strukturele takke moet ongeveer 20cm uitmekaar gespasieer word soos mens teen die vrugmuur op beweeg. In sekere gevalle kan nuwe takke ingebind word om gapings in die vrugmuur te vul.
- Verwyder gemors uit die boom, m.a.w. swak, pieperige eenjarige, tweejarige en ouer lote wat dunner is as vuurhoutjie dikte en wat eenvoudig swak klein draertjies is. Dit sal help om die aantal blomme te verminder.
- Verwyder die sogenaamde “groeitakke”, d.w.s. takkewat dikker is as een derde van die dikte van die strukturele tak is, veral in die toppe van die bome.

**2.2 Kultivars geneig tot knopuitwissing** (bud extinction)

In hierdie kultivars moet mens die strukturele tak identifiseer en dan enige draers wat dikker is as een derde van die dikte van die strukturele tak verwyder.

- Sny eenjarige lote van breipendikte of dunner terug tot 20cm. Ek verkies om dit ná knopswel te doen.
- Tweejarige en ouer opgespoorde eenhede moet tot by ’n vet reproduktiewe knop teruggesny word; as hulle dikker as potlooddikte is, moet hulle heeltemal verwyder word aangesien die tweejarige lote eenvoudig te groeikragtig sal word.
- Omdat knopuitwissing ’n daadwerklike probleem is, moet strukturele takke voortdurend vervang word en die nuwe lote teen 30°-45° vanaf die vertikaal vasgemaak word.
- Verwyder pieperige eenjarige, tweejarige en ouer lote van vuurhoutjiedikte en dunner.
- Omdat mens in hierdie variëteite in die eenjarige hout in terugsny, is dit makliker om eenjarige hout in hierdie bome te los.
- Hierdie bome word baie maklik topswaar, dus moet mens die takke wat dikker is as een derde van die strukturele tak verwyder, aangesien hierdie gewoonlik die oormatig groeikragtige takke is.

**3. Higiëne**

Pruime is baie vatbaar vir bakteriese siektes, veral *Xanthomonas prunii* en *Pseudomonas syringae* (bakteriese kanker). Die outeur beveel sterk aan dat alle snoeigereedskap na die snoei van elke boom in 'n sterk ontsmettingsmiddel ontsmet. Daar moet ook nie op reënerige dae gesnoei word nie. Ek glo dat, slegs in die geval van steenvrugte, dit baie help om snoeiwonde groter as 2.5cm in deursnit (R5 munt) met 'n goeie snoeiwondseëlaar te verseël. Dit help dalk nie vir appels en pere nie, maar wel vir steenvrugte.

**4. Somersnoei**

Opvolgsnoei in die somer is noodsaaklik vir beide pruimgroeiwyses. Dit sal in die Tydige Wenke van September/Oktober bespreek word.

## PLAE EN SIEKTE BEHEER

- **Bakteriese Kanker, Bakteriese Vlek/Xanthomonas & Gomvlek – Alle Steenvrugte.**
    - By **egalige knopswel in die lente,** wend **Koperoksichloried aan @ 350g/hl.**
- **Krulblaar – Perskes en Nektariene.**
    - **By die eerste tekens van (verwagte) knopswel in die lente** moet **Koperoksichloried @ 350g/hl** tydens vroeë knopswel aangewend word.
    - Bespuit met **Thiram @ 150g/hl, 5-7 dae ná koper,** en **herhaal elke 4-7 dae** (gebaseer op hoe nat die bome is – dou en reën) voor en na reën. Laaste bespuiting by Volblom.
- **Blaaspootjie – Nektariens en Pruime.** Dien 15 ml/hl Tracer teen 10% ballonstadium en herhaal 7-10 dae later, indien nodig. Onthoudingstydperk = 21 dae op perskes en pruime en 7 dae op nektariens.
- **Dopluise en Witluis – Alle Steenvrugte.** 'n Minimum van **2 hoë-volume** spuite per seisoen @ 100% BRV moet 4-6 weke uit mekaar aangewend word. Die bespuiting behels **40-50ml/hl Tokuthion plus 500ml/hl mineraalolie.** Die gewenste druppelgrootte moet in die orde van 250-300 mikron wees vir effektiewe benatting van die geteikende bome, spesifiek aan die bokante om dopluis en witluis te beheer. Dit is belangrik dat die korrekte spuitpunte (moet nie Albuz spuitpunte of nie-aksiale waaierspuitmasjiene vir dormante winter spuite gebruik nie) en pompdruk geselekteer word om die regte druppelgrootte te lewer. Die eerste bespuiting moet voor snoei aangewend word en dan ná snoei opgevolg word. Die tweede bespuiting moet op die laatste 3 weke voor verwagte knopswel toegedien word. Tokuthion is baie blywend, so spuitresidue sal voorkom indien toegedien word op oop blomme.

- **In problematiese situasies met dopluise** moet 3 bespuitings 4 weke uitmekaar uit aangewend word, en daar moet verseker word dat die boomstruktuur sorgvuldig gedek en benat word.
- **Situasies met Dopluis – Alle Steenvrugte. 50ml/hl Tokuthion** as 'n hoë volume aanwending, met 'n sorgvuldige benatting van die boomstruktuur, moet VOOR enige tekens van knopswel aangewend word.

## TYDIGE WENKE bydraers:

| **Grond, Besproeiing, Voeding** | **Somersnoei** | **Gewasbeskerming** |
| --- | --- | --- |
| Mico Stander<br>Grondkundige<br>Agrimotion<br>021 851 1051 | Peter Dall<br>Tegniese konsultant<br>Peter Dall Consultancy<br>028 272 9671 | Andrew Hacking<br>Tegniese konsultant<br>Ad Lucem Agricultural Services<br>021 8555 674 |

**HORTGRO Science en die span Tydige Wenke bydraers het alles in hul vermoë gedoen om inligting so akkuraat moontlik oor te dra. Derhalwe word geen aanspreeklikheid aanvaar vir die gebruik van hierdie inligting nie.**

HORTGRO Stone
Growing Fruit IQ
*home of the south african stone fruit producer*